REDAKSIONEEL

BESIN OOR DIE PREDIKING

Die G.T.V. van Pretoria het op 29 Mei 'n voordrag gehoor deur prof. J. I. de Wet van die Fakulteit Teologie (Hervormd) aan U.P. oor die onderwerp: *Prediking vandag.*

Hy het aan die begin gesê dat dit opmerklik is hoe min daar oor die prediking gepubliseer word, alhoewel almal saamstem dat die prediking aktueel is en in die sentrum van die kerklike lewe staan.

Die agtergrond vir die prediking vandag

Die prediking verkeer vandag in die moeilike posisie dat dit met voortgaande ontkerstening in die wêreld te doen kry in die gedaante van die *antropokrasie.* Hierdie verskynsel hang saam met die naoorlogse teologiese ontwikkeling waarin die kreet van die Franse Rewolusie (vryheid, gelykheid en broederskap) ook die kerk beset het.

Die nuwe gees van antropokrasie het twee fasette. Aan die een kant is 'n leer ontwerp wat daarvan uitgaan dat *gesag* vir die moderne mens onaanvaarbaar is. Hy kan slegs aanvaar wat hyself vasgestel het en is derhalwe radikaal anti-metafisies. Die nuwe antropologie bring 'n radikale dieseitigemensbeskouing en teologiese antropologie mee. Die ander faset sien prof. De Wet in die *nuwe ekklesiologie* wat hand aan hand hiermee saamgaan. Godsdiens word vandag beskou as 'n blote kultuurproduk van die mens. Die Woord, kerk en prediking het slegs 'n begeleidende funksie. Dit moet slegs die mens begelei na mondigheid en selfverwesenliking — en nie in 'n relasie tot God nie, maar as 'n mens wat ten volle 'n greep op sy wêreld gekry het. Gevolglik vind daar 'n radikale devaluasie van die Woord en die gesproke Woord plaas.

'n Funksieverlies vir die prediking

Soos M. de Vries (Kerk en Massamedia) aangetoon het, sit die kerk vandag met die probleem dat hierdie nuwe antropologie die preek reken as 'n aspek van die moderne tot-'n-probleem-geworde verbale kommunikasie. Dit word gesê dat antropoloë en psigoloë kan baie beter met die mens van ons tyd oor sy probleme kommunikeer as predikante en derhalwe vervang hulle die predikante. Ander sê ons mense kommunikeer in 'n beeld-kultuur, nie meer in woord nie.

Die devaluasie van die gesproke Woord blyk ook uit die houding dat volksfeeste vandag met net „vyf minute"-toesprake of geen toesprake gehou moet word. Dit is presies dieselfde beweging as wat die Roomse in die Middeleeue geloop het om die preekstoel in die kerk met die altaar te vervang.

Die moderne antropologie beskou die preek as 'n outoritatiewe monoloog en daarom vir die mens onaanvaarbaar. Dit moet vervang

word met 'n *dialoog* en die vrye, gelyke broederlike gemeente van rewolusie sal self met 'n dialoog die inhoud van die erediens konstrueer — en derhalwe vervang diskussies oor die afgesaagde omgewings- en lugbesoedeling, hulp in onderontwikkelde lande, ens., die Woord en „preke" oor bekering, geloof, ens.

Situasieprediking i.p.v. aktuele prediking

Die moderne antropologie kom ook met die kreet van „situasieprediking". Prof. De W. het verwys na 'n preek van iemand uit 'n ander Kerk naby Kersfees, kort na die hartoorplanting: God het met die geboorte van Christus 'n hart oorgeplant en nou is die vraag of die hart aanvaar of verwerp gaan word. Waar hy aanvaar word, pomp hy nuwe bloed ...

Indien die evangelie so in die situasie van die tyd geklee moet word, is daar geen verweer teen wat die antropologiese teologie vandag bepleit ten opsigte van prediking nie (Pruim, De Boer, Thomson, en andere).

Dit moet anders ... maar hoe?

Die gevaar is groot dat ons vandag die nuwe antropologiese eise sal afwys om die gebreke van ons eie prediking te bedek of om ons gewetens te salf. Prof. De W. het vir 'n jaar lank vir die SAUK 'n opname gemaak en analise gedoen van alle preke wat oor die radio uitgesaai is. Die kenmerke van die preke was (loflike uitsonderings uit al drie Afrikaanse Kerke daargelaat) kapstokpreke met allerlei los gedagtes, sonder grondige eksegese, goedkoop moralisasie, generalisasie, so 'n onnatuurlike en lewensvreemde manier van praat, ens.

Die hooggeroemde dialoog van die antropologiese teologie is syns insiens nog steeds 'n monoloog wanneer een mens met 'n ander oor godsdiens praat. Die enigste ware dialoog is wanneer God met die mens praat en die mens antwoord. Die Woord het outoritatiewe gesag en daarom is die Bybel, bv. sendbriewe, meesal gebou met 'n heilsindikatief en daarop rus 'n heilsimperatief. Dit verg egter baie grondige en diepgaande eksegese om die mens van ons tyd met die boodskap te konfronteer.

Hy doen aan die hand dat ons ernstig moet besin oor vrae soos: hoe kies 'n mens 'n teks? Hoe kry ek my grondige eksegese aangebied as 'n grondige uitleg waaruit ek logies aandui watter boodskap daardie teks vir die lewe vandag dra (aktuele i.p.v. situasieprediking)? In hoeverre is die prediking onvrugbaar gebonde deur die sogenaamde kerklike jaar, sodat preke los en vas val oor Kersfeit, Ou en Nuwejaar, lyde, pase, ens., sonder dat werklike beplande geestelike opbou in die gemeente plaasvind?

Die Christelike Etiek moet in die toepassing sy plek kry. Daarmee word ook nie die wetenskaplike Etiek bedoel nie, maar praktiese Wetsprediking. Hy waarsku egter teen die wetsprediking wat self weer *wetties* word, nl., as jy dit en dit dat doen, sal jy verlos word i.p.v. dat die wet gepreek word as antwoord op die verlossing ...

Ons moet publiseer

Ons verenig ons volkome met prof. De W. se slotroep (wat ook sy inleiding was) dat ons moet besin en daarom oor die prediking moet dink en *daaroor* moet skrywe.

In die Skriflig sal graag 'n *diskussie oor die prediking* wil aanbied. Wil broeders nie skryf oor wat hulleself i.v.m. die prediking beleef en deurgemaak het nie? Probleemaanduiding, probleemanalisie, opbouende kritiek, wenke wat iemand proefondervindelik getoets het, ens., ens. Al is dit net een paragraaf — net een opmerking!

Die G.T.V.-takke kan waarskynlik met vrug weer aspekte van die *prediking vandag* na 'n kort inleiding bespreek — en daarna 'n kort berig oor die inleiding en bespreking instuur...

As die kort weergawe van prof. De W. se rede hiertoe 'n prikkel en 'n voorbeeld kan wees, kan *In die Skriflig* ons met dergelike diskussies verryk oor die prediking as die sentrale aspek in die kerk.

B.S.